Europese Kersfeestoer

Duitsland ~ Oostenryk ~ Hongarye ~ Slowakye

20 tot 31 Desember 2020

Kom saam op ons 12-dae **Europese Kersfeestoer**. 'n Luukse Donau-bootvaart van agt dae (met alle etes) is ingesluit. Sien Wene, Budapest, Bratislava, Melk, Linz en bly ook vir twee nagte oor in München. Die baie spesiale groepstarief beloop **R36 990** per persoon.

Reisplan

Dag 1: Sondag, 20 Desember **Kaapstad / Johannesburg →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek laatmiddag vanaf Kaapstad en Johannesburg na Europa. Oornag aanboord na aandete.

Dag 2: Maandag, 21 Desember **München**
Na 'n vroeë ontbyt land ons in München, Duitsland. Ons vertrek vanaf die lughawe na ons sentraalgeleë hotel naby die *Munich Central Station*. Ons het tyd om die stad te verken in die winter-Kersfeestyd en die imposante Kersmark by die Marienplatz te besoek.

Dag 3: Dinsdag, 22 Desember **München**
Na ontbyt vertrek ons op 'n besigtigingstoer met 'n plaaslike toergids na al München se hoogtepunte. Sien om 12:00 die bekende *Glockenspiel* in aksie by die *Marienplatz* en drink 'n bier by die *Hofbraühaus*! Ons het die res van die middag vry om hierdie interessante hoofstad van Bavaria verder te verken.

Dag 4: Woensdag, 23 Desember **München → Wene**
Na ontbyt vertrek ons sak en pak na München se stasie vir ons treinrit van ongeveer vyf ure na Wene, Oostenryk se hoofstad. As die weer saamspeel, behoort ons taamlik sneeu (veral in die Salzburg-omgewing) op pad na Wene te sien. Ons reis per bus vanaf die Wene-stasie na die Donau-rivier, om aanboord die luukse ***MS Vivienne*** te gaan. Laatmiddag word ons met drinkgoed verwelkom en ontmoet die Kaptein en bemanning. Daarna volg ons eerste viergang-aandete in die *Panorama Restaurant* op die boot.

München Kersmark

Kajuit aanboord die elegante MS Vivienne

Dag 5: Donderdag, 24 Desember **Wene**
Na 'n heerlike buffet-ontbyt vertrek ons per bus vir ons stadstoer van Wene. Sien die hoogtepunte van die stad met 'n plaaslike toergids. Ons sal beslis nie die *Stephansdom* ('n Gotiese Katedraal wat een van Wene se belangrikste landmerke is), die Hofburg paleis en die bekende *Staatsoper* (waar Mimi Coertse gereeld opgetree het) misloop nie.
Na middagete aanboord het ons tyd om die Schönbbrunn Kersmark te besoek. Terug op die boot is dit vanaand tyd vir ons spesiale Oukersaandete. Om 22:30 vertrek ons boot stil-stil op die Donau na Hongarye.

Dag 6: Vrydag, 25 Desember **Budapest**
Dit is Kersfees en ons is besig om te vaar vanaf Wene na Budapest. Na ontbyt vaar ons deur die skilderagtige *Danube Bend.* Hou jou kamera byderhand! Vanmiddag word ons bederf met 'n spesiale Kersfeesete.
Nadat ons om 15:00 in **Budapest** vasgemeer het, vertrek ons op 'n bustoer van die stad met 'n plaaslike toergids om die hoogtepunte van die stad, geleë aan weerskante van die Donau-rivier, te sien. Ons besoek onder andere die *Fishermen Bastion* en *Matthias Kerk* in die Buda-deel van die stad en sien die impossante Hongaarse Parlementsgebou aan die Pest-kant.
Na nog 'n heerlike aandete word ons op hierdie Kersaand om 21:00 aanboord getrakteer op 'n Viool- en klavierkonsert.

Dag 7: Saterdag, 26 Desember **Budapest**
Na ontbyt het ons vrye tyd om hierdie interessante stad verder te verken. Daar is nog 'n kans om Budapest se Kersmark te besoek. Moet ook nie die bekende *Vaci Utca Pedestrian Walk* misloop nie – dié straat is die hart en siel van Budapest! Die *Central Market Hall*, die grootste mark in die stad, is ook in die straat en maklik bereikbaar te voet. Ons boot vertrek om 21:00.

Dag 8: Sondag, 27 Desember **Bratislava**
Vanoggend vaar ons verder na Bratislava, die hoofstad van Slowakye. Geniet ontbyt terwyl jy die verbygaande landskappe vanuit die boot dophou. Ons arriveer laatoggend in die hoofstad, **Bratislava**. Die stad is ook geleë langs die Danube-rivier – net 2 km vanaf Oostenryk se grens en 10 km vanaf Hongarye se grens! Vroegmiddag ontmoet ons 'n plaaslike gids om die hoogtepunte van die stad met 'n staptoer te ontdek. Ons sien die mooie *Main Square* van die ou stad, die stad se kasteel en die Fransiskaanse kerk, wat dateer uit die dertiende eeu. Daarna het ons vrye tyd om dié kompakte stad verder te verken.
Om 18:00 word ons getrakteer op 'n konsert van *The Saloon Orchestra Afrodité*. Daarna volg ons viergang-aandete.

Die Elfde eeuse Melk Kloosterkompleks

Linz, Oostenryk

Dag 9: Maandag, 28 Desember **Melk**
Dit is weer tyd vir ontbyt! Vanoggend vaar ons deur die skilderagtige *Wachau Valley*. Om13:00 arriveer ons in **Melk**, geleë weswaarts van Wene. Na middagete besoek ons die elfde eeuse Melk Kloosterkompleks, waarvoor die dorp beroemd is: *The Melk Abbey is a vast monastery built high above the town. Gold statuary adorns its domed Abbey Church, and the huge library houses medieval manuscripts. The Marmorsaal is a baroque hall with a ceiling fresco and red marble walls.*
Ons het ook vrye tyd om die dorp verder te verken voordat ons aansit vir aandete. Om 19:00 vertrek ons boot en vaar ons na Linz.

Dag 10: Dinsdag, 29 Desember **Linz**
Ons arriveer vroegoggend om ongeveer 06:00 in **Linz**, geleë halfpad tussen Wene en Salzburg in *Upper Austria*. Na ontbyt het ons 'n staptoer van dié interessante stad met 'n plaaslike toergids.
Baroque buildings, including the Old Town Hall (Altes Rathaus) and the old cathedral (or Alter Dom), ring Hauptplatz, the old town's main square. The riverside Lentos Kunstmuseum Linz has a major modern art collection. Across the river, the striking Ars Electronica Center focuses on society, technology and life in the future.
Na middagete is daar tyd om die stad verder te verken, of inkopies te doen. Om 17:00 vertrek ons boot terug na Wene. En vanaand is dit tyd vir die *Captain's Gala dinner with an upgraded 5-course menu* ☺.

Dag 11: Woensdag, 30 Desember **Wene →**
Dit is ons laaste oggend in Europa! Ons arriveer om 06:30 in Wene en na ons laaste buffet-ontbyt aanboord en vrye tyd in die stad moet ons sak en pak vertrek. Ons reis per bus na die lughawe, vanwaar ons vlug vertrek na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

Dag 12: Donderdag, 31 Desember **Venesië → Johannesburg / Kaapstad**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n wonderlike winter-belewenis in ***Europa*** land ons in Johannesburg en Kaapstad.

INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- Internasionale vlugte in die ekonomiese klas (lughawebelastings en brandstofheffings ingesluit) vanaf Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R950 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- 'n Agt-dae Donau-bootvaart aanboord die luukse ***MS Vivienne*** vanaf en na Wene, met die volgende ingesluit:
  - *Accommodation in spacy (15m²) river-view staterooms, most with French balconies.*
  - *24 hour complimentary coffee/tea station in the Panorama Lounge.*
  - *One bottle of cabin water upon arrival.*
  - *Wi-Fi complimentary access in staterooms and all public areas.*
  - *Audio headsets for all included excursions.*
  - *Gourmet dining in the elegant Panorama Restaurant, consisting of buffet breakfast, a 3-course lunch and a 4-course dinner.*
  - *Purified water during all meals.*
  - *Welcome and Farewell cocktail parties with sparkling wine or juice.*
  - *Early morning coffee – an hour before breakfast (coffee/tea, Danish pastry & juices).*
  - *Afternoon tea and cake followed by piano live music.*
  - *Midnight snacks, served on trays in the Lounge after 22:00.*
  - *Captain's Gala dinner with an upgraded 5-course menu.*
  - *Live music in the Panorama Lounge every evening.*
  - *All stated excursions and sightseeing in the itinerary.*
  - *All ports and passenger taxes along the route.*
  - *Services of an experienced Cruise Manager throughout the cruise.*
- Verblyf vir twee nagte in 'n sentraalgeleë hotel in München, met ontbyt elke oggend ingesluit.
- 'n Halfdag stadstoer van München met 'n plaaslike Engelssprekende toergids, asook alle ekskursies en besigtiging tydens die bootvaart soos in die reisplan beskryf.
- Busvervoer van die München-lughawe na die hotel, vanaf die Wene-stasie na die *MS Vivienne* en vanaf die *MS Vivienne* na die Wene-lughawe.
- Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R36 990** is gebaseer op landreëlingskostes in Januarie 2020 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Visumkoste van ongeveer **R1 400** vir 'n Schengen-visum is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met die aansoekvorms en stawende dokumente vir elke toerlid.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer/kajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- Ten minste 32 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R5 500** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 20 September 2020** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en pos dit (met die deposito, uitgemaak aan *Van Dyk Groepstoere*) aan: ***Van Dyk Groepstoere***, Posbus 788, Mosselbaai, 6500
Die besprekingsvorm en deposito-betalingsbewys kan ook per e-pos gestuur word aan info@vandyktours.co.za
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Besigheids Verwysing: KERSFEESTOER/ en u van
Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
Tel nr: 082 767 8400 Faks nr: 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

Kersmark in Wene

Vaar op die Donau deur Budapest!

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995